Process Safety Beacon 20 YEARS ANNIVERSARY
Boodskap aan bedryfspersoneel
www.aiche.org/ccps/process-safety-beacon
CCPS An AIChE Technology Alliance Center for Chemical Process Safety
aiche.org/ccps
This issue sponsored by ioMosaic® Minimizing risk. Maximizing potential.®
www.iomosaic.com

# Sommige foute neem tyd om insidente te word!

Junie 2022



’n Maatskappy het besluit om op te hou om ’n produk te maak. Een van die grondstowwe was giftige en korrosiewe fosfor trichloried ($PCl_3$). Die pype na die aanleg en stoor tenk was leeggemaak. Jare later het ’n operateur ’n lek ontdek. Na ondersoek blyk dit die “leeggemaakte” $PCl_3$ pyp te wees. Die verspilling is beperk en niemand is beseer nie.

Dit bly toe dat iemand die spesifieke pyp tydens die afsluit proses oorgeslaan het toe hulle al die pyplyne skoongemaak het. Dit het jare geneem maar uiteindelik het die $PCl_3$ die pyp deurgevreet en het dit begin lek.

Ons dink gewoonlik dat katastrofiese insident vinnig gebeur, soos ’n ontploffing. Maar baie ernstige ongelukke het al gebeur maande selfs jare nadat die fout gemaak is.

Dis moontlik dat ’n operateur per ongeluk ’n klep oopgemaak het, sy fout agtergekom het, en weer toegemaak het en niemand vertel het nie. Dalk het hy $PCl_3$ in ’n pyplyn ingelaat wat reeds skoongemaak was.

Nog ’n voorbeeld: ’n Vakman vervang ’n seel van ’n pomp. Die stoor het vir hom die verkeerde seel gegee om te installeer. Die nuwe seel het vir ’n ruk gehou maar uiteindelik gefaal. Dit het ’n ruk geneem voordat die fout ’n insident veroorsaak het.

## Het jy geweet?

- Ons is menslik. Ons maak foute! Selfs hoogs opgeleide mense soos loodse en astroloë maak soms foute!
- Daar is twee tipes foute:
- Om nie die vereiste aksie te doen nie, of op die verkeerde tyd. Genoem: Foute van weglating (Omission)
- Weet wat die korrekte aksie is maar besluit om iets anders te doen. Genoem: Foute van kommissie.
- Daar is soms meer as een vlak van beskermingsmeganisme. Dit neem soms tyd vir een na die ander om te faal totdat die insident plaasvind.
- Maar voordat die insident plaasvind is daar gewoonlik waarskuwingstekens van beskerming wat faal: Geluide, reuke, drup, ens. Wees op die uitkyk vir die tekens en doen iets daaromtrent want so kan ons dalk ’n ernstige insident voorkom.

## Wat kan jy doen?

- As jy take doen, maak nie saak hoe eenvoudig nie, volg die voorskrifte en stappe noukeurig. As daar konflik of foute is, rapporteer dit dadelik.
- As jy ’n fout maak, rapporteer dit dadelik. Ervaar eerder die verleentheid as dat iemand dalk ernstig beseer word.
- Wees op die uitkyk vir waarskuwingstekens Kyk weer na die Beacon van September 2012. “Wat kan ek doen? Ek is net ’n operateur!” en ook Desember 2015: “Stop, luister, kyk”
- As ander mense foute maak, doen moeite om te verstaan wat hulle verkeerd gedoen het sodat jy daaruit kan leer.
- As ander mense se foute bespreek word, moenie fokus op wie die blaam moet dra nie. Fokus op die lesse wat geleer kan word en hoe ons die proses kan verbeter. Blaam breek die proses veiligheids kultuur af. Dit skrik mense af om foute, amper ongelukke en probleme te rapporteer. Indien dit nie gerapporteer word nie kan dit moontlik later in ernstige probleme of insidente ontwikkel.

**‘n Fout vandag veroorsaak dalk ‘n ramp in die toekoms!**

©AIChE 2022. All rights reserved. Reproduction for non-commercial, educational purposes is encouraged. However, reproduction for any commercial purpose without express written consent of AIChE is strictly prohibited. Contact us at ccps_beacon@aiche.org or +1 646-495-1371.